

## Eier Gelê

„Eier gelê! Eier gelê!" kekkel die hen.
„Waar? Waar?" blaas die makou.
„Om die hoek, om die hoek!" klok die kalkoen.
„Ka, ka, ka, ka!" skater die ganse.

## Klippie, Klippie Klawer

Klippie, klippie, klawer,
Die kat is in die hawer.
Die koei is in die kraal
En die boertjie het verdwaal!

*Alba Bouwer*



## Biesie, Biesie, Bame

Biesie, biesie, bame,
Vou die handjies same,
Kook 'n potjie rys,
Kook 'n potjie vleis,
Koes, koes, kindere.
Amen.

## Slaap, Kindjie, Slaap

Slaap, Kindjie, slaap,
Daar buite loop 'n skaap,
'n Skaap met witte voetjies,
Hy drink sy melk so soetjies,
Slaap, Kindjie, slaap.

## Knieliedjie

Hurte, hurte, perdjies
Met hul stompe stertjies!
Kyk hoe ry die menere
Met hul bonte klere,
Kyk hoe ry die vroutjies
Met hulle wye moutjies,
En kyk hoe ry die konstabel
Met sy groot blink sabel.

## Kiepie, Kiepie


Kiepie, kiepie, kom tog gou,
Hier is lekker kos vir jou.
Maar dan moet jy my eers sê
Waar jy tog jou eiers lê.



## *Telrympies*

Een, twee,
Swem in die see,
Drie, vier,
Bang vir 'n mier,
Vyf, ses,
Kruip in die fles,
Sewe, ag,
Lekker lag,
Nege, tien,
Geld verdien,
Elf, twaalf,
Ry op 'n kalf.

*W. Versfeld*





Een, twee, drie, vier,
'n Hoedjie van papier.
As die hoedjie dan nie pas nie,
Sluit dit in 'n glasekassie.
Een, twee, drie, vier,
'n Hoedjie van papier!

Een, twee, drie,
Al die voëltjies vlie;
Vier, vyf, ses,
Elkeen na sy nes!





## *Vir Die Kleintjies*

Twee klein handjies om mee te werk—
Tien klein vingertjies word daardeur sterk.

Twee klein voetjies om mee te loop
Om my ma se goed te koop.

Twee klein ogies om mee te kyk
Hoedat Mammie my kleertjies stryk.

Twee klein oortjies om mee te hoor
As Pappie sê, ek moenie stoor.


Twee klein lippies om mee te soen
En 'n klomp klein tandjies soos perlemoen.

*Winnie Malan*



## *Wielie, Wielie, Walie*

Wielie, wielie, walie,
Die aap sit op die balie.
Tjoef, tjaf
Val hy af;
Tjoef, tjof
Klim hy op!
Wielie, wielie, walie,
Rondomtalie!



## *Breiliedjie*

Brei, brei, brei, brei —
Nog 'n ry, en nog 'n ry!
„Is dit vir my pop 'n kappie?
Of 'n sokkie vir my Pappie?"
Mammie gaan maar aan met brei,
Nog 'n ry, en nog 'n ry!

*A.B.*




## * *Raaiselrympies*


*(*Maak eers die tekeninge toe.*)




Hier kiep-kiep! Daar kiep-kiep!
Woerts! in die hoekie.



So groen soos gras,
So wit soos was,
So rooi soos bloed,
So suikersoet!



Ek kap 'n blok in hierdie land,
Sy spaanders waai in anderland!



Al wieker, al wakker!
Al oor die akker,
Die dooie maak
Die lewende wakker!



## *Trippe, Trappe, Trone*

Trippe, trappe, trone,
Varkies in die bone,
Koeitjies in die klawer,
Perdjies in die hawer,
Eendjies op die waterplas,
Gansies in die groene gras.
Ek wens dat kindjie groter was
Om al die diertjies op te pas.




## *Oompie Doompie*

Oompie Doompie sit op 'n wal;
Oompie Doompie het hard geval.
Gee hom koljander,
Of gee hom kaneel;
Maar oompie Doompie word nooit weer heel.

*W. Versfeld, gewysig*





## *Griet en Pieter*

Griet en Pieter met 'n watergieter
Hulle klim die berg op 'n draf,
Maar Pieter die gly, en Griet daarby,
Hulle bollemakiesie weer af.

## *Muis En Die Klok*

Tikke-tak, tikke-tak, tok!
Die muis kruip in die klok,
Die klok slaan een,
Die muis draf heen.
Tikke-tak, tikke-tak, tok!

## *Vaaksak*

Fiedel, diedel, vaaksak, my seun Daan
Kruip in die bed met sy broekie aan,
Sy een skoen uit, sy ander skoen aan,
Fiedel, diedel, vaaksak, my seun Daan.

*W. Versfeld*

## *Die Trein*

Tjuk-tjuk, tjuk-tjuk daar kom die trein!
Maak gou, maak gou, klim in!
Die tyd is kort, die plek is min,
Maak gou, klim in, klim in!

*A.B.*



## *Vlermuis*

Vlermuis, vlermuis,
Botter en brood,
Ek slaan jou netnou
Met 'n latjie dood.



## *Harlekyn*

Harlekyn dans op 'n biesie,
Harlekyn slaan bollemakiesie,
Harlekyn val in die sloot,
Harlekyn is nog nie dood.




## *Apie*

Daar's 'n apie op 'n stokkie
Voor my ma se agterdeur,
Daar's 'n gaatjie in sy broekie
En sy stertjie hang daardeur.



## *Jannetjie Fiskaal*




Jannetjie Fiskaal
Sit op die paal;
Sy hoed is stukkend
En sy kop is kaal.

## *Ou Tannie Viljoen*

Ou tannie Viljoen, sy woon in 'n skoen
Met so 'n trop kinders, wat moet sy tog doen?
Sy gee hulle pap met geen suiker daarop,
Sy boender hulle bed toe met die handsambok.

*W. Versfeld, gewysig*



## *Rippie, Rippie, Rafel*

Rippie, rippie, rafel,
Die kat spring op die tafel.
Rippie, rippie, rinkel,
Die koppietjies die tinkel.
Rippie, rippie, ronde skêr,
Hoor jy ook die skapie blêr?

*Alba Bouwer*



## *Klontjies*

Hondjie, hondjie,
Daardie klontjie
Wat ek jou wou gee,
Hondjie, pondjie,
Daardie klontjie
Lê nou stroopsoet in my mondjie.

*Twinkle Hanekom*

## *My Hondjie*

My ou hondjie
Is so laf,
As ek hom roep,
Begin hy blaf.

Ek kan verstaan
Wat hy wil sê.
Dit is sy kos
Wat hy wil hê!

*Helena J. F. Lochner*

## *Die Skilpad*

Skilpad, skilpad, kom uit jou dop,
Roer vir jou, roer vir jou, steek uit jou kop,
Hier is jou water, daar is jou gras,
Kom, ou maat; kom kruip uit jou kas!

*A.B.*







## *My Swepie*

Ek maak 'n lekker swepie,
'n Riempie aan 'n stok --
Daarmee laat ek die varkies
Hardloop uit hul hok!

Ek gee 'n harde hou —
O! nie regtig raak —
Net om stoute varkies
Goed skrik te maak!

*Helena J. F. Lochner*




## *Kat En Muis*

'n Kat sê eendag vir 'n muis:
„Ek voel tog so alleen,
Kom speel hier met my in die huis,
Dan gee ek jou 'n been!"

„Nee dankie," sê die slimme muis,
„Ek bly maar weg van jou —
By katte voel ek glad nie tuis,
Hul wil my beentjies kou!"

*Helena J. F. Lochner*



## *Oupa En Ouma*

Oupa is al baie oud,
Heeldag op die stoep
Sit hy met sy lange pyp
Tot Ouma hom kom roep.

Ouma is ook baie oud,
Sy dra 'n swart syrok,
Sy loop so stadig, baie krom
En leun op haar ou stok.

*Helena J. F. Lochner*

## *Opgelos*

Haai! Volstruis, met jou lang nek!
Kan jy hom nóg langer rek?
Kan jy hom nóg langer maak
Dat jy aan die dak kan raak?

Kyk dan tog 'n bietjie daar
Of jy nie my bal gewaar?
'k Het hom netnou hier verloor,
Kyk tog mooi, Volstruisie, hoor?

*B. Traas*




## *Die Haantjie*

Haantjie klap sy vlerkies toe,
En sê: koe-ke-doe-del-doe!
Dit is tyd om op te staan:
Kinders, jul moet skool toe gaan.

Haantjie, waarom tog so vroeg?
Ag, ek is tog nog so moeg!
Haantjie, stil tog asseblief,
Ek het tog my slaap so lief.

Kinders, nee, dit is al laat,
Al die mense loop op straat,
Een maal nog roep ek jul toe:
Koe-ke-doe-del-doe-del-doe!

*W. H. Boshoff*



## *Die Verkluimde Akkedis*

Net hier voor my op die grond,
Het ek die liefste ding gekry —
Stertjie rooi, en verder bont,
En nie die minste bang vir my

Kyk, ek neem hom in my hand.
Foei tog, kleinding wat is jy?
Hier-jy, haai! jou klein kalant!
Kyk nou hoe laat skrik jy my!

*B. Traas*